

Vrydag 11 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:17-24 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Psalm 119:19, 22

'n Vreemdeling op aarde, maar nie vir God nie

“Vreemdeling” is 'n bekende begrip in die Ou Testament, waar die woord 92 keer voorkom. Die oorgrote meerderheid van die gevalle is in Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium. Vreemdelinge was gewoonlik mense wat van ander lande gekom het om in die grondgebied van Israel te kom woon. Verskillende wette maak voorsiening vir die beskerming van vreemdelinge. Hulle en die weduwees en wese is dikwels onderdruk.

In die Psalms kom die woord net vier keer voor. Psalm 94:6 sê dat goddelose mense vreemdelinge, weduwees en vaderlose kinders doodmaak. Psalm 146:9 sê dat die Here die drie groepe beskerm. In Psalm 39:13 noem die digter homself 'n vreemdeling by God. God is die een wat sy regte beskerm.

Psalm 119:19 is uniek in die Psalms as die digter homself 'n vreemdeling op aarde noem. Natuurlik is 'n gelowige iemand wat nie maar op hierdie wêreld kan tuis word nie, veral nie die wêreld wat niks van God wil weet nie. Wat egter in Psalm 119 belangrik is, is die rede waarom die digter 'n vreemdeling op aarde is. Dit is omdat God se woorde sy of haar lewe bepaal. In vers 19 vra hy dat die Here nie sy bevele vir die digter moet verberg nie. Hy wil weet wat God van hom verwag. In vers 22 sê hy dat hy bespotting en minagting moet verduur omdat hy hom aan God se opdragte hou. Gelowiges word van die ongelowiges onderskei deur die feit dat hulle wil leef soos wat God dit wil hê.

Jesus het aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan sodat ons kan weet dat ons gered is en aan Hom behoort. Daarom word ons deur die Heilige Gees gelei om anders te wees as die wêreld, om hier ontuis te voel tussen mense wat hulle nie aan God en sy woorde steur nie.

Sing: Psalm 119-1:7

Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)